PROVINSIALE KENNISGEWING 5 VAN 2017

AANSOEK VIR DIE VERANDERING VAN GRONDREGTE (BETER BEKEND AS 'N HERSONERING) SOWEL AS GESKREWE TOESTEMMING VAN TOEPASSING OP ERF 676, RUSTENBURG IN TERME VAN GEDEELTE 18(1) EN GEDEELTE 18(4) VAN DIE RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDBESTUUR BYWET 2015

RUSTENBURG WYSIGINGSKEMA 1594

Ek, **Lubbe Kruger**, van die firma Smit en Fisher (Edms) Bpk, synde die gemagtigde agent van die eienaar van die **Erf 676, Rustenburg** gee hiermee ingevolge Gedeelte 18(1) en Gedeelte 18(4) van die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit Ruimtelike Beplanning en Grondbestuur Bywet 2015, kennis dat ek by die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die verandering van grondregte (beter bekend as 'n hersonering) van toepassing op die bogenomede eiendom, geleë op die hoek van Dawes Street and Wolmarans Street, Rustenburg van **"Residensieël 1"** na **"Institutusioneel"** met geskrewe toestemming vir **"Telekommunikasie"**.

Die eiendom is tans gesoneer as **"Residensieel 1"** en word gebruik as 'n **"Plek vir Publieke Aanbidding"**. Telekommunikasie-infrastruktuur is egter nie toegelaat op **"Residensieel 1"** eiendomme nie. Die eiendom word dus hersoneer na **"Institusioneel"** met skriftelike toestemming vir **"Telekommunikasie"**. Die eienaar sal dus die regte om 'n **"Plek vir Publieke Aanbidding"** te bedryf, behou, maar sal addisionele regte bekom vir telekommunikasie-infrastruktuur op 'n gedeelte van die eiendom.

Standaard kontroles vir 'n "Institusionele Sonering" is van toepassing:

- Hoogte (verdiepings) : 2
- Dekking (%): 60%
- Parkering : In terme van die Rustenburg Land Use Management Scheme, 2005
- Boulyne : 3m (op voorwaarde dat die sellulêre infrastruktuur en basisstasie die boulyn mag oorskry)

Die huidige geboue en ontwikkeling op die eiendom sal behou word maar bykomende telekommunikasie-infrastruktuur sal opgerig word. Die sellulêre infrastruktuur sal insluit: 'n 36m mas op by die voorgestelde plek saam met vier potensiële houers (3m x 2,4 m elk) aangrensend aan die. Die mas en basisstatsie sal +/- 144m² bbeslaan en sal omhein word met 'n 2,4 m Clearvu-heining . Elektriese bedrading sal op die heining aangebring word.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur: Beplanning en Menslike Nedersettings, Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit, Mpheni House, hoek van Beyers Naude & Nelson Mandelarylaan vir 'n tydperk van 30 dae vanaf **10 Januarie 2017** (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet skriftelik by bogenoemde adres ingedien word of alternatiewelik by die Direktoraat: Beplanning en Menslike Nedersettings, Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit, Posbus 16, Rustenburg, 0030, **SOWEL AS** die gemagtigde agent binne 'n tydperk van 30 dae vanaf **10 Januarie 2017** (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Adres van gemagtigde agent:

Naam:	Smit en Fisher (Edms) Bpk		
Straatadres:	371 Melk Straat Nieuw Muckleneuk Pretoria 0181	Posadres:	Posbus 908 Groenkloof 0027
Telefoon Nr:	(012) 346 2340	Telefaks:	(012) 346 0638
E-pos:	lubbek@sfplan.co.za		

Datums van publikasie: 10 Januarie 2017 en 17 Januarie 2017
Sluitingsdatum vir besware: 07 Februarie 2017
Ons Verw.: Old Apostolic Church

10-17

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001.
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

Also available at the ***North-West Province***, Private Bag X2036, Mmabatho, 8681. Tel. (0140) 81-0121.